



TOESTEMMING/VRYWARINGSVORM VIR A2J KAMP BY NOORDHOEK (25 - 27 Februarie 2022)

Die 25ste Februarie vanaf 18:00 tot en met die 27ste Februarie om 11:00 kamp A2J weer by die Noordhoek kampterrein oorkant Noordhoek Farm Village. Die tema van die naweek se speletjies en aktiwiteite is "Musiek en Fliks" en ons gaan sommer net lekker saam kuier, speletjies speel en so mekaar beter leer ken! Ten spyte van al hierdie lekker planne wat ons jeugleiers gemaak het vir die naweek is die hoofdoel en fokus van die kamp steeds om saam met mekaar oor God te praat, saam uit Sy Woord te lees en Hom te aanbid met *praise & worship* sessies in die aande. A2J'ers kan om 18:00 arriveer by die kampterrein en ouers kan hul tieners weer die Sondag om 11:00 oplaai. Daar sal heelwat volwassenes wees wat as jeugleiers bywoon. Die onderstaande toestemmingsvorm (asook mediese gegewens) moet asb. ingevul en ingehandig word vir elkeen wat saamgaan. **Die naweek se koste is R175pp vir die naweek.**

Neem asb. die volgende saam:

- Gemaklike klere vir sport/speletjies (dit kan dalk vuil word) -plakkies/tekkies/swembroek/asook warm klere
- Eetgerei (Bord, beker, pappak, mes, vurk, teelepel en paplepel) en Vadoek -want elkeen was hul eie skottelgoed!
- Hoed/pet/sonbrandmiddel/waterbottel/sonbril
- Sonbrandmiddel
- Flits/koplig
- Slaapsak/beddegoed -koshuis verskaf slaapplek maar nie beddegoed nie
- Bybel, pen en papier
- Toiletware en handdoek

Persone wat bepaalde medisyne gereeld moet gebruik, moet 'n voldoende voorraad saambring. Persone wat bepaalde allergieë het, moet dit asb. aan my meedeel. Wat baie belangrik is, is 'n **afskrif van u mediese fonds** (as u oor medies beskik) **se lidmaatskapkaart.**

Kontak gerus vir Rohan van Niekerk by 082 925 9818 of stuur 'n epos na rohan@ngvishoek.co.za vir enige navrae. Ons kan nie wag om jou daar te sien nie!!

Vriendelike groete,
Rohan van Niekerk

TOESTEMMINGSVORM

Hiermee gee ek, ondergetekende, (volle naam) _____ toestemming dat my kind (volle naam) _____ die kamp mag meemaak. Welwetende dat die betrokke verantwoordelike persone alles in hulle vermoë sal doen om die welsyn van my kind te waarborg, sal ondergetekende niemand verantwoordelik hou nie, in die geval van 'n ongeval.

Naam van Mediese fonds:	
Mediese fonds nommer	
Selfoonnommer(s)	

Handtekening van ouer/voog

Datum